| 12 September | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
| --- | --- | --- |

# Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 14 SEPTEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
| --- | --- | --- |
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds Heinrich Carstens | Ds. Jannie Hougaard | Ds. Piet Botha |
| Jeremia 32 | Jeremia 32 | Jeremia 32 |

LIG | DEERNIS | HOOP

Kuierkerk




Hangklipkerk




Kleinmondkerk



Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir die Sinodale Hospitaalbearbeiding .
Op 21 September is vir Ons gemeente se **Familiebediening.**






# Program vir die week

*Seisoen van die skepping 1 September tot 5 Oktober 2025*

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag 16 September** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | ***17:00*** | Finansies (TYD) |
| **Woensdag 17 September** | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| | ***18:00*** | Rusplek-erediens |
| | ***18:00*** | Dissipelskap-reisgenote (TYD) |
| **Donderdag 18 September** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| | ***09:00*** | Caritasprojek |
| **Vrydag 19 September** | ***06:30*** | Kleinmond Mannegroep |
| **Saterdag 20 September** | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |
| | ***08:00*** | Eko-bediening Skoonmaakdag |
| | ***09:30*** | ***Lentebasaar by Kleinmondkerk*** |

## KERKKANTOOR*ure*

**MAANDAG TOT VRYDAG** 10:00 - 13:00

*Kontakbesonderhede*

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***
info@ngkogelberg.co.za Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***
028 271 3470 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***
083 670 4290

*Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

*Quarta Heuer (Sa4) en familie met die afsterwe van Wolfgang.*

*Oom Kallie Kock (Kogelpark) en familie met die afsterwe van tannie Hannie .*

BASAAR

NGK KOGELBERG BIED AAN

*Lente in Kleinmond*

# SATERDAG

# 20 SEPT

## 09:30 - 12:30

- Pannekoeke
- Boereworsrolle
- Roosterkoeke
- Kerrie & rys
- Basaarpoeding
- Lewerkoekies
- Jaffels
- Groente
- Koektafel
- Teetuin
- Kindertafel
- Koffie

4 DE LAAN 67

# KLEINMOND

# HOE WERK DIE KAARTJIES BY DIE *Lentebasaar?*


1. Koop kaartjies tydens die Basaar by die kaartjietafel (kontant, kaart of SnapScan) of voor die tyd by die Kerkkantoor.

2. Jy kies self vir hoeveel rand jy kaartjies wil koop. ***Byvoorbeeld R50.***




3. ***Gebruik die kaartjie soos 'n beursie om by enige tafel of stalletjie iets te kan koop.***

4. Elke keer as jy iets koop, word die bedrag doodgetrek op jou kaartjie.
***Byvoorbeeld:***
***Jy koop 2 pannekoeke teen R10 elk. Jy betaal R20 – en jy het nog R30 oor op die kaartjie om elders te spandeer!***



# BELANGRIKE INLIGTING VIR DIE



# Lentebasaar

1. Kaartjies sal die week voor die basaar tydens kantoorure by die Kerkkantoor beskikbaar wees en op die dag van die basaar vanaf 09:00.

2. Basaar begin stiptelik om 09:30 - GEEN verkope sal voor 09:30 toegelaat word nie.

3. Geen kontant word by die stalletjies/ tafels aanvaar nie - slegs kaartjies.

4. Die Lentebasaar vind plaas by **Kleinmondkerk:**
**Vierde Laan 67, Kleinmond van 09:30 - 12:30**







| | | | |
|---|---|---|---|
| Donderdae | 06:00 | HANGKLIP MANNEGROEP | Hangklipkerk |
| Vrydae | 06:30 | KLEINMOND MANNEGROEP | Perron 25, Hoofweg 88 |

## Ons leraars se kontakbesonderhede


**Ds. Heinrich Carstens**
***083 566 1490***
heinrich@ngkogelberg.co.za

**Ds. Leopold van Huyssteen**
**082 707 0676**
leopold2493@gmail.com

**Ds. Kirsten Small**
***079 296 2431***
kirsten@ngkogelberg.co.za

# Vrede vir die skepping

**Seisoen van die skepping 1 September – 5 Oktober 2025**



Eredienste 7 & 14 September
Erediens 5 Oktober met
Ernst van Jaarsveld (plantkundige)
Kleinmond Natuurbewarings-
vereniging 50-jarige fees 3 - 11 Oktober

- Ons aanbid God die Skepper en Onderhouer van sy skepping
- As kinders van God is ons geroep om op grond van ons herstelde verhouding met God vredemakers in belang van die skepping te wees
- Ons verbind ons opnuut tot sorg en beskerming van die skepping en alle mede-skepsels
- Sluit aan by projekte van eko-bediening en Kleinmond Natuurbewaringsvereeniging



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

Die Adhoc Taakgroep wat werk met die leraarsposte vergader Maandag 15 September 2025 om 17:00 in die TYD-Kuierruimte



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Seisoen van die Skepping: 7-14 September en 5 Oktober 2025

## Vrede vir die Skepping

Só kan jy betrokke raak:

### *Eko-bediening Kleinmond*

- **Herwinning:** (Onthou: Refuse, Reduce, Reuse & Recycle). Versamel plastiek proppies van koeldrank-, melk-, vrugtesap- en koffiebottels asook broodsakkie-knippies en plaas dit in die houers by die aanbiddingspunte. Help met die skoonmaak en aflewering daarvan. Dit word verkoop ten bate van Overberg Wheelchair Association. Ons ondersteun ook die munisipaliteit se 2-sak stelsel. Kontak **Yvonne de Vaal 072 607 0851.**
- **Skoonmaak-aksie:** elke maand in ons omgewing. Ons maak Kleinmond nóg mooier. Jonk en oud welkom. Hou die aankondiginge en die pers dop. Kontak **Carlo Böhmer 083 334 5675.**
- **Eko-jeug:** hier werk ons veral saam met die Strandlopers en doen interessante projekte. Aardesorg moet by ons jeug begin! Kontak **Pieter van Wyk 072 203 1799.**
- **Eko-liturgie:** ons aanbid die Skepper ín die skepping en fokus op spesiale geleenthede. Help met organisasie en aanbieding. Kontak **Piet Botha 083 590 3637.**
- **Eko-waghonde:** ons toon waardering én rapporteer skade aan die omgewing. Wees saam met ons op die uitkyk. Kontak **Willie Groenewald 083 629 1662.**
- **Eko-ontdek, leer & voorspraak (advocacy):** Ons ontdek en leer oor ekologiese brandpunte en doen voorspraak. Kontak **Ryk van Velden 082 857 4368.**
- **Eko-WApp-groep:** wees op hoogte van eko-sake in Kleinmond en omgewing. Streng reëls geld vir hierdie groepie. Kontak **Carlo van Rensburg 082 840 8148.**

### *Kleinmond Natuurbewaringsvereniging*

- Vir enige navrae of belangstelling oor die **Natuurbewaringsvereniging**: kapgroep, voëlkyk, Mimetispark, plankiespad se herstel of fynbos uitstallings. Stuur asb epos aan: **kleinmondnbv@gmail.com**
- **Kleinmond Stapklub:** Kontak **Gerhard Booysen 082 461 0250.**

### *Kogelberg Biosfeerreservaat*

- Kogelbergbiosfeerreservaat se **Wildlife Rescue & Training Centre:** helpmetdie versorging en rehabilitasie vandiere.Kontak **Michelle Watson 073 314 0671.**

Saterdag 20 September 8:00 am - 9:30 am

# INTERNASIONALE STRAND SKOONMAAK



Waar: Ons maak ons geliefde strand skoon.
Ons ontmoet mekaar by die parkeerarea aan die einde van 5de laan.
Onthou: Sakke, handskoene en steekpenne word verskaf. Bring waterskoene as julle het.
Hoop om almal daar te sien!

Enige Vrae?
Kontak: Carlo van Rensburg
0828408148

SST | OPERATION CLEAN SPOT

# Koedoewors met liefde gemaak

Fanie Krige

Vars van die jagveld is ’n indrukwekkende koedoekarkas van 140 kg einde verlede week by die Hangklipkerk afgelewer. Die vleis is sorgvuldig voorberei en in koelkaste gehang, reg vir verwerking tot wildswors op Saterdag.

Onder leiding van die gemeente se eie vleisgeneraal, Peet de Lange, is ’n vriendelike oproep gerig aan alle broers en susters met ’n liefde vir worsmaak en ’n vlymskerp messe. Teen 08:00 die oggend het minstens tien helpers opgedaag by die Hangklip Gemeentesentrum, gereed vir aksie.

Wat gevolg het, was harde, vrolike werk - ’n ware spanpoging. Knap gedaan aan elkeen wat hul hande vuil gemaak het! In totaal is 262 pakkies van 500g elk geproduseer. Teen Maandag was 95 daarvan reeds verkoop, en weet maar die res gaan vinnig uit die yskaste verdwyn. Daar is darem gerugte dat nóg ’n koedoe op pad is...

***’n Tevrede proewer het laat weet:***
***“Dankie julle. Die wors is heerlik. Ek het ’n stukkie gebraai***











# Van verslawing tot herstel: ’n Storie van hoop

Fanie Krige

BETTYSBAAI – Heinrich Grobler se lewensverhaal is ’n getuienis van genade, vergifnis en tweede kanse. Van ’n jong man vasgevang in verslawing en selfvernietiging, tot ’n getroude pa en besigheidseienaar wat nou sy storie deel om hoop te bring – sy pad is allesbehalwe eenvoudig.

Op Donderdag 4 September het Heinrich met die Hangklip-mannegroep gesels oor sy boek From Prison to Possible – Become the Ultimate You, wat hy saam met Liezl Grobler geskryf het. Aanvanklik effens huiwerig, het hy gou met oortuiging begin praat en moeilike vrae met insig hanteer.

Hy word groot in ’n liefdevolle huis, maar ná sy ma se tragiese dood in ’n motorongeluk begin hy oorkompenseer – eers deur sporthelde te verafgod, later deur sport self. Op 15 gebruik hy vir die eerste keer alkohol, en verslawings volg vinnig: pornografie, losbandige verhoudings, dwelms. “Dinge wat van die duiwel af is en jou in boeie vasketting,” sê hy.

As paramedikus op die kruin van sy loopbaan het min mense geweet van die emosionele warboel wat Heinrich van binne verteer het. Hy bedank uit sy werk en beland op ’n vier jaar lange afgrondspad – psigiatriese hospitale, straatlewe, en nege maande tronkstraf. Die keerpunt kom op ’n pastoor se plaas in Limpopo, waar Bybelstudie en handearbeid hom konfronteer met die waarheid: hy het niks oor nie, en hy het mense seer gemaak.

Op 29 in die huis van ’n pastoor op Middelburg, na ’n drie uur lange gesprek begin die vergifnisproses – vir homself, vir ander, vir die foute van sy verlede. “Jy moet alles afgooi wat jou terughou, anders kan jy nie vorentoe beweeg nie,” sê Heinrich.

Hy kom Kaap toe met niks behalwe sy oorlede oupa se onderbroeke. Hy is 20 kg oorgewig, sy paramedikus-registrasie is geskrap, en hy het ’n misdaadrekord. Maar die Here begin hom herstel – treetjie vir treetjie. Hy sluit aan by ’n jongvolwasse groep in ’n plaaslike kerk, deel sy storie, en begin weer hoop vind. In daardie tyd ontmoet hy sy vrou – albei uit gebroke agtergronde, maar saam vind hulle genesing.

Hulle begin hul eie besigheid en ervaar guns op guns. “Jesus Christus moet deel wees van jou besigheid, jou huwelik, jou kind se opvoeding,” sê hy. Die boek is ’n vervulling van ’n gelofte: dat as hy ’n tweede kans kry, hy die Here se naam sal loof.

Die skryfproses was intens – Heinrich moes sy lewe herbeskou en onverwerkte pyn aanspreek. Die doel van die boek is om hoop te bring, en om mense aan te moedig om vergifnis toe te pas – selfs op sewentig of tagtig. “Ons almal wil vry leef, maar ons moet die tronk binne ons uitwis,” sê hy. “Jy is nooit te oud vir ’n tweede kans nie.”


In vraetyd het hy eerlik gepraat oor verslawing, mentorskap en die rol van kerkgroepe. Tough love, sê Heinrich, het ’n plek – sy pa het dit toegepas, en vandag het hulle ’n uitstekende verhouding. Oor die tronk sê hy: “Die beste is om glad nie tronk toe te gaan nie.” Maar hy is dankbaar dat hy beskerm was.

Heinrich se storie is ’n uitnodiging: wees eerlik, bring jou verlede in die lig, en laat die Here jou lei na vryheid.

From Prison to Possible: Become the Ultimate You word op aanvraag gedruk. Kontak Heinrich by vir meer besonderhede by heinrich.grobler@yahoo.com.Dan is die boek beskikbaar aanlyn by Groep 7 E-Store en by Sunset Books in Strand.



Heinrich Grobler het gou sy ritme gevind al was sy gehoor meestal mans dubbel sy ouderdom.




Heinrich se boek kan deur hom bestel word, maar is ook aanlyn beskikbaar.

# Fynbos

Ons is besig om **WOL** in te samel vir 2 opwindende projekte. As jy enige oortollige of ekstra wol wil skenk sal dit baie waardeer word. Alle kleure, helder of lig, dik/duk of dun, groot bolle of klein bolle, self tou is ook welkom. Jou bydrae sal help om kreatiwiteit en warmte aan albei gemeenskapsinisiatiewe te bring.

**Afleweringspunte:**

1) Fynbos Dienssentrum, 1ste Laan in groot mandjie gemerk WOL, by voordeur.

2) NGK, 4de Laan, Kleinmond , in TYD-ruimte in mandjie gemerk WOL.

Sperdatum: 15 November 2025

Kontak: Elaine 072 207 9588
Patricia: 028 271 3602

'n Avontuur vir die hele familie.



NGK KOGELBERG

# JEUG- en FAMILIEKAMP

## 9 - 11 OKTOBER



Aktiwiteite en vermaak vir die jeug gedurende die dag (08:00-17:00). Volwassenes sluit aan by die aandprogram & kamp ook saam met die kinders as familie.



**R200 per kind**

**KLEINMOND KARAVAANPARK**

**Tentstaanplek R300/nag**
*4 persone

| **Aktiwiteite....** | **Aanbieders...** |
|---|---|
| Basiese Waterveiligheid | Kleinmond Swim School/ NSRI |
| Boom Bome Boompie | Eko-bediening |
| Nou gaan ons BRAAI | SOS-span |
| Ritme van die Jembe | Handevat Musiek Projek |
| Skokkende ontdekking | Oom Riaan |
| Boeresport | SOS-span |
| Lofsang en Bybelstudie | Worship-span |

**Besprekings: info@ngkogelberg.co.za**

# FLORA KUNS

Kom leer om te skets en verf met waterverfpotlode.

**R200 pp**

**Sluit alle toebehore in**

**17 OKTOBER**

**13:00-16:00**

**HANGKLIPKERK**

**PILLANSIAWEG 2**

**Beperkte sitplekke beskikbaar. Bespreek jou plek teen 30 September by hanlieduppie@gmail.com**



Anmy Swanepoel-Kitshoff, gebore in 1968 in Brooklyn, Pretoria, waar sy Kuns aan Pretoria Technikon studeer het, woon die afgelope tien jaar in die omgewing en fokus veral op haar kuns.



Blommekuns met waterverfpotlode

# Lente-kuier

**Maandagoggend 1 September 2025 11h00**



*Met liefde gemaak deur Joanne*




















Lente-kuier
Maandagoggend 1 September 2025 11h00
Met liefde gemaak deur Joanne




TYD





# Wykskuier

## Wyk Ba3

Donderdagoggend 28 Augustus 2025 10h00

Foto's verskaf deur Jan

Met liefde gemaak deur Joanne









Oggenddiens Seisoen van die Skepping
Kuierkerk
Vrede met die Skepping Dr Ryk van Velden
Sondagoggend 7 September 2025 9h00
Met liefde gemaak deur Joanne










EXIT











Plastic People Filmvertoning
NG Kerk Kogelberg
Sondagaand 7 September 2025 18h00
Met liefde gemaak deur Joanne






SXSW
WORLD PREMIERE
PLASTIC PEOPLE
The Hidden Crisis of Microplastics
WHITE PINE PICTURES PRESENTS
TELUS independent
TELUS Fund
ONTARIO CREATES
Ontario
Canada
PlasticPeopleDoc.com
#PlasticPeopleDoc





# Verjaarsdae!

## 13 September

Ita le Roux (Ba3)
Maxie Steyn 082 920 6625 (Sa4)
Marietjie van Staden 083 327 0118 (Sa2)

## 14 September

Mariana Botha 072 126 9713 (PM4)
Gail Bruyns 083 256 4414 (KB2)
Alet Engelbrecht 071 219 0309 (HK3)
Lezinda Esterhuyse 079 471 8361 (Bb4)
Kobus Maré 083 564 3380 (Sa4)
Friedel Meisenholl 082 781 5372 (BB2)
Helma Potgieter 082

## 15 September

Carla Hattingh 025 285 1981 (BB5)
Linda le Roux 082 895 0870 (BB6)
Annieria Mcfarlane 079 531 4377 (KP1)

## 16 September

Esther Conradie 083 374 0269 (Sc2)
Susan Downing 082 220 0263 (Ba2)
Lindie Joubert 083 702 0013 (PM3)
Nicole Wilson 079 876 2562 (Ba1a)

## 17 September

Annette Blomerus 084 951 7139 (KB1)
Ruben Brits (Bb2)
Wendie Burger 082 795 4036 (PB2c)
Onah de Stadler 083 402 6642 (KB2)
Abraham de Villiers 082 494 8706 (Sa3)
Carina du Toit 083 414 6909 (KB2)
Pauline Roux 082 590 9754 (Ba2)

## 18 September

Izak Boonzaaier (KB1)
Mia Boonzaaier (KB1)
Evelyn Ferreira 082 885 9845 (KB1)
André Ferreira 082 905 9277(PM3)
Louis Fourie 082 801 5500 (PM3)
Rosandra Linde 083 786 4813 (KB2)
Alma Pentz 082 384 8539 (Ba1a)
Danika Singleton 073 104 9880 (Bb4)

## 19 September

Maryke Barnard 066 257 5745 (KB5)
Marina du Plessis 083 687 4745 (RE)
Lida Fourie 079 613 7485 (Bb1)
Chloe Hugo (Bb3)
Dawie Kruger 074 334 3868 (Bb2)
Frena Müller 083 225 4242 (Sa4)
Hilda Roets 072 312 3953 (KB5)

Kleinmond

# Vrouebybelstudie

## Maandag 15 September

Sc 1-4 - **15:00** - 2de Laan 36 - Comine Conradie

## Dinsdag 16 September

Sb4 - 10:15 - Kapel

PM3 - **15:00** - Palmietweg 70 - Daleen Swart

## Woensdag 17 September

HK 3 - 10:00 - Irislaan 3 -Elsabé Smit

Ba 1 tot 3 - **10:00** -Thyme A-way, 12 de Laan - Marianne de Wet

Sb 1, 2 & 3 - **15:00** - 5 de Laan 80 - Susan Winterbach

KB 1 tot 5 - **15:00** - Boekenhout 32 - Kleintjie Muller

## Dinsdag 23 September

Bb 1 tot 4 - 15:00 - 10 de Straat 34 - Bessie van der Walt

Sa 3 & 4 - 15:00 - 1ste Laan 111 - Joan Marnewick

## Donderdag 9 Oktober

PM 1,2, 4 & 5 - **15:00** - Alheitstraat 33 - Daphné Loots

Ons sondes en ons deugde

# Vrees

Alhoewel dit nie een van die oorspronklike doodsondes is nie, sluit ons ons studie van die sondes hiermee af. Vrees is ’n baie sterk emosie. Baie mense reken dit is die werklike grond van al die ander negatiewe emosies. Op sigself is vrees nie ’n sonde nie, maar sommige mense meen dit sit agter baie sondes.

## 1. Wat is jou grootste vrees?

1.1 Kom ons dink ’n bietjie oor vrees. Mense se grootste vrese is dikwels irrasioneel, maar baie spesifieke en baie werklik. Dit word dan fobies genoem. Waarvoor het julle sulke irrasionele vrese?

1.2 Op ’n meer ernstige noot: Waarvoor is jy bang? Wat is jou grootste vrees?

## 2. Wanneer is vrees ’n goeie ding?

## 3. Vrees in die Bybel

In die Bybel lees ons lees dikwels van mense wat bang was. Wat vrees die volgende persone of groepe?

3.1 Adam en Eva (Gen 3:8-13)

3.2 Jakob (Gen 42:35-38)

3.3 Moses se vlug na Midian (Eks 2:12-15)

3.4 Moses se roeping (Eks 3:10-12, Eks 4:10-13)

3.4 Israeliete en die goue kalf (Gen 32:1)

3.5 Verspieders in die beloofde land (Num 13:27-28, 31)

3.6 Jeremia (Jer 1:4-7, 17-19)

3.7 Met wie se vrees kan jy identifiseer?

## 4. Die gevolge van vrees

4.1 Kyk weer na die Skrifgedeeltes hierbo en probeer vasstel waarom hulle bang was. Wat was die gevolge van hulle vrese? Was hulle met reg bang? Wat het die meeste vergeet?

4.2 Hoe kan ons vrees tot sonde lei?

4.3 Dis goed om te onthou dat vrees negatiewe sowel as positiewe gevolge kan hê. Wanneer is die gevolge negatief? Wanneer positief?

## 5. ’n Geheime wapen

As gelowiges het ons ’n “geheime wapen” teen vrees. Vrees hoef nie die oorhand te kry nie. Wat is ons “wapen”?

5.1 1 Joh 4:18 Waar liefde is, is daar geen vrees nie.

5.2 2 Tim 1:7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

5.3 Matt 10:30 Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. 31 Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.

5.4 Jes 41:10 Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.

5.5 Ps 56:4 Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. 5 In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?

## 6. Die teenoorgestelde van vrees

6.1 Dis nie dapperheid nie! Wat is dit dan?

6.2 Kom daar ooit ’n stadium wanneer ’n mens kan sê “Ek het al my vrese oorwin Ek is vir niks meer bang nie”?



# Seisoen van die Skepping

**Jeremia 32:1-15 | Hoop vir die Skepping**

GESPREKSBLAD VIR GROEPE



## GROEPGESPREKKE | 15 - 20 SEPTEMBER 2025

### 1. Gesels bietjie saam...

- Wanneer jy hoor van klimaatsverandering, die uitsterf van spesies en die krisis wat ons aarde in die gesig staar, wat is jou eerste emosionele reaksie: vrees, hoop, woede, optimisme, moedeloosheid?
- Hoor bietjie die volgende en deel met mekaar hoe julle hieroor voel:
  - Meer as 1 miljoen spesies op aarde is tans in gevaar om uit te sterf as gevolg van menslike aktiwiteite.
  - 2024 was een van die warmste jare ooit aangeteken en vanjaar kan dit dalk nog erger wees.
  - Die reënwoud in die Amasone word "die longe van die planeet" genoem, maar nader 'n kantelpunt as gevolg van ontbossing.
  - Meer as 8-miljoen-ton plastiekafval beland elke jaar in die oseane.
  - Mikroplastiek is reeds in menslike bloed, organe en selfs borsmelk gevind.
  - Net 2-3% van die aarde se landoppervlak word nog beskou as gesonde ekosisteme met funksionele integriteit.
- Dink jy daar is langtermyn oplossings vir hierdie uitdagings? Hoekom of hoekom nie?

### 2. Ons storie nou...

- As christene leef ons met 'n hoop wat baie meer is as 'n stuk optimisme dat dinge beter sal wees...
- Terwyl Jeremia in die paleis gevange gehou word tydens die Babiloniese beleg van Jerusalem, ontvang hy van God die opdrag om 'n stuk grond in Anatot van sy neef te koop. Dit lyk totaal irrasioneel, want Jerusalem is op die punt om te val en die ballingskap is op hande. Maar God beveel hom om die grond te koop as 'n simbool van hoop en herstel. Ten spyte van die vernietiging belowe die Here dat "*huise, lande en wingerde weer in hierdie land gekoop sal word*" (v.15).
- Hoe identifiseer ons met die omstandighede in Jeremia 32 as ons dink aan die uitdagings wat ons op ekologiese gebied in die gesig staar?

3. **God se storie...**

- Lees Jeremia 32:1-15 rustig saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het of wat jou opgeval het uit Sondag se eredienste.
- Gesels bietjie met mekaar oor die volgende:
    - Jeremia *"koop grond"* te midde van die chaos en wanhoop. Op watter praktiese manier sou jy vandag spreekwoordelike *grond kan koop* te midde van die ekologiese krisis of klimaatsverandering?
    - Jeremia het die koopakte verseël as 'n teken van toekomstige herstel. Watter simboliese aksies kan ons herinner om hoopvol te bly vir die planeet se toekoms?
    - In vers 15 lees ons: "*Huise, lande en wingerde sal weer in hierdie land gekoop word.*" Hoe help hierdie belofte ons om te dink oor God se verhouding met die aarde?
    - Stel jou voor God sê vir jou om iets hoopvols vir die omgewing te doen, al glo niemand anders daarin nie. Wat sou moeilik wees omtrent gehoorsaamheid? Wat kan jou aan die gang hou?

4. **Hoe die Bybel ons storie verander...**

- In Vrydag se Eerste Gelui was 'n "boekmerk" met basiese aksiestappe wat ons kan neem om mee te werk aan die herstel van die skepping. Gesels hieroor en kyk watter aksiestappe julle nog by hierdie lysie kan byvoeg.

5. **Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

- Bid vir hoop en energie om te bly werk aan die herstel van die skepping.
- Bid vir almal wat betrokke is by ekologiese uitdagings en omgewingskwessies.
- Bid dat gelowiges hoopvol God se roeping as rentmeesters van Sy skepping sal opneem.

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord in die week wat kom. Ons gaan op Sondag 21 September 2025 fokus op Psalm 113:

- Maandag 15 September - Jeremia 32:1-15
- Dinsdag 16 September - Psalm 113
- Woensdag 17 September - Amos 8:4-7
- Donderdag 18 September - Lukas 16:1-13
- Vrydag 19 September - 1 Timoteus 2:1-7
- Saterdag 20 September - Psalm 113